## Hersieningsoefening (Hoofstuk 12)

**Lees die onderstaande poskaart en beantwoord die vrae wat daarop volg:**

| | |
|---|---|
| Liewe Ben<br>Ek weet ons kan Skype, e-pos, WhatsApp, Facebook en al daai goed, maar ek is moeg vir al die tegnologie. Ek verlang daarna om iets in die pos te kry. Ek het hierdie poskaart op ŉ mark in ŉ klein dorpie in Nederland gekoop. Nederland is een van die mooiste plekke in die wêreld. Die lekkerste ding is dat hulle Afrikaans verstaan. Ek moet net baie stadig praat. Ons gaan die naweek Rotterdam toe. Ek is verslaaf aan reis! Sê liefde vir almal by die huis.<br>Groete<br>Christelle | *Ben Delport*<br>*Amandelstraat 44*<br>*Rosendal*<br>*3390*<br>*Kaapstad*<br>*Suid-Afrika* |

1.1 Hoekom verkies Christelle ŉ e-pos bo ander vorme van kommunikasie? (2)
1.2 Waar het sy die poskaart gekoop? (1)
1.3 Waar of Onwaar? Motiveer jou antwoord. (2)
*"Nederlanders verstaan maklik Afrikaans".*
1.4 Haal een woord aan om aan te dui dat Christelle nie genoeg daarvan kan kry om die wêreld te sien nie? (1)
1.5 Watter vorm van kommunikasie verkies jy? Motiveer jou antwoord. (2)

**2. Verbeter die spelfoute in die woorde tussen hakies.**
2.1 Ons het ŉ (skydregter) nodig as ons Playstation speel. (1)
2.2 Ek Skype elke week met my (swaar) en skoonsuster. (1)

**3. Gee die afkortings vir die woorde tussen hakies.**
3.1 Die internetspoed in (Suid-Afrika) is te stadig. (1)
3.2 Wat is jou nuwe (nommer)? (1)
3.3 Ek drink water (in plaas van) gaskoeldrank. (1)

**4. Voltooi die onderstaande sinne met behulp van die infinitief.**
*Ek doen navorsing op my skootrekenaar.*
4.1 Begin so: Ek probeer... (1)
4.2 Begin so: Ek behoort... (1)

**5. Skryf die onderstaande sinne in die tyd tussen hakies aangedui.**
5.1 Lika het ŉ nuwe tablet. (verlede tyd) (1)
5.2 Avela sit sy rugsak in die motor. (toekomende tyd) (1)
5.3 Avela maak sy bed op. (verlede tyd) (1)

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Hersieningstoets (Hoofstuk 12)**
**Memorandum**

1.1 Hoekom verkies Christelle ʼn e-pos bo ander vorme van kommunikasie? (2) [DV1/2]
*Sy is moeg vir tegnologie en sy verlang daarna om iets in die pos te kry.*
1.2 Waar het sy die poskaart gekoop? (1) [DV1/2]
*ʼn Klein dorpie in Nederland.*
1.3 Waar of Onwaar? Motiveer jou antwoord. *"Nederlanders verstaan maklik Afrikaans"*.(2)[DV3/4]
*Onwaar (1), sy moet baie stadig praat.(1)*
1.4 Haal een woord aan om aan te dui dat Christelle nie genoeg daarvan kan kry om die wêreld te sien nie? (1)[DV3/4]
*"verslaaf"*
1.5 Watter vorm van kommunikasie verkies jy? Motiveer jou antwoord. (1) [DV5/6]
*Eie mening.Byvoorbeeld: Ek verkies WhatsApp, want dis goedkoop.*

**2. Verbeter die spelfoute vir die woorde tussen hakies.**
2.1 Ons het ʼn (skydregter) nodig as ons Playstation speel. - *skeidsregter* (1)
2.2 Ek Skype elke week met my (swaar) en skoonsuster. - *swaer* (1)

**3. Gee die afkortings vir die woorde tussen hakies.**
3.3 Suid-Afrika: *SA* (1)
3.4 Nommer: *nr. / no.* (1)
3.5 In plaas van: *i.p.v.* (1)

**4. Voltooi die onderstaande sinne met behulp van die infinitief.**
*Ek doen navorsing op my skootrekenaar.*
4.1 Begin so: Ek probeer... *Ek probeer om navorsing op my skootrekenaar te doen.* (1)
4.2 Begin so: Ek behoort... *Ek behoort navorsing op my skootrekenaar te doen.* (1)

**5. Skryf die onderstaande sinne in die tyd tussen hakies aangedui.**
5.1 Lika het ʼn nuwe tablet. (verlede tyd) (1)
*Lika het ʼn nuwe tablet gehad.*
5.2 Avela sit sy rugsak in die motor. (toekomende tyd) (1)
*Avela sal sy rugsak in die motor sit.*
5.3 Avela maak sy bed op. (verlede tyd) (1)
*Avela het sy bed opgemaak.*